Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 19 JULIE 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Hoof: Begrotingskantoor, mnr W Rossouw
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan me Ilse van Schalkwyk, vanaf Knysna Munisipaliteit, wat die Munisipaliteit besoek as deel van die mentorskapprogram.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 14 JUNIE 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Junie 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende regstelling in die aanhef tot die besluit:

ITEM 7.1: VOORLEGGING VAN DIE 2017/2018 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/3)

4.1/...

Die Munisipale Bestuurder verduidelik – op navraag van rdl O M Stemele aangaande die strategie insake toegang tot sportfasiliteite – dat die behoefte aan ‘n strategie tydens die hersiening van die GOP en Begroting oorweeg sal word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 14 JUNIE 2017

Geen

6. NUWE SAKE

6.1 IMPLEMENTERING VAN VLAK 4-WATERBEPERKINGSMAATREËLS (16/1/1/7)

Die damvlak van die Voëlvleidam is 10% laer as verlede jaar dieselfde tyd, en aangesien sommige munisipaliteite reeds strenger waterbeperkingsmaatreëls geïmplementeer het, is dit noodsaaklik dat Swartland Munisipaliteit dit ook oorweeg.

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat die Swartland munisipale gebied as ’n plaaslike ramp verklaar is in die Provinsiale Koerant van 7 Julie 2017, as gevolg van die droogte. Die rampverklaring is geldig vir ’n tydperk van drie maande, en besigheidsplanne vir die benutting van alternatiewe waterbronne moet so spoedig moontlik opgestel word om vir rampbefondsing in aanmerking te kom.

Die voorsitter beklemtoon dat Swartland Munisipaliteit baie bekommerd is oor die waterskaarste en dat daar weereens ’n beroep op alle inwoners gedoen word om water uiters spaarsamig te gebruik.

BESLUIT

(a) Dat die bestaande Vlak 3-waterbeperkings herroep en goedkeuring verleen word dat die voorgestelde Vlak 4-waterbeperkingsmaatreëls, soos vervat in **Aanhangsel A** tot hierdie verslag, met ingang vanaf 1 Augustus 2017 geïmplementeer word;

(b) Dat bogemelde beperkings nie sal geld:
  (i) waar spesiale vrystelling skriftelik deur die Munisipaliteit verleen word nie;
  (ii) waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en ‘n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op ‘n plek waar dit duidelik sigbaar is;

(c) Dat die Munisipaliteit die reg voorbehou om ‘n *Aqualoc*-watermeter (wat waterverbruik op ‘n daaglikse basis reguleer) te installeer in daardie gevalle waar water misbruik word;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om, in terme van artikel 69(2) van die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, afwykings, vrystellings of verslappings ten opsigte van die bepalings op redelike gronde te mag verleen;

(e) Dat die volgende 40% watertariefaanpassing wat reeds as deel van die begrotingsproses vir implementering in noodtoestande deur die Raad op 25 Mei 2017 goedgekeur is, geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekeninge wat gedurende Augustus 2017 vir betaling teen 31 Augustus 2017 gelewer sal word:

Ten opsigte van huishoudelike verbruikers/…

6.1(e)/…

Ten opsigte van huishoudelike verbruikers –

	Tarief per eenheid (kiloliter)
0 tot 4 kl	R6,30 plus BTW
5 tot 25 kl	R17,61 plus BTW
26 tot 50 kl	R24,25 plus BTW
51 kl en meer	R37,53 plus BTW

Ten opsigte van besighede (ingesluit skole, regeringsinstellings en sportklubs) –

R25,00 plus BTW vanaf die eerste kiloliter verbruik

(f) Dat ‘n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit getoon word en ook per hand aan individuele huishoudings uitgedeel word;

(g) Dat ‘n aansoek tot die Departement Justisie gerig word om die boete van R500,00 wat geld vir oortredings van die waterbeperkings, te verhoog;

(h) Dat die besluit aan die Raad voorgelê sal word vir kennisname;

(i) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste getaak word om

- ondersoek in te stel en ‘n gebeurlikheidsplan op te stel betreffende die aanwending van alternatiewe waterbronne, in oorlegpleging met al die relevante owerhede, ingesluit die Departement Waterwese en Sanitasie en die Weskus Distriksmunisipaliteit; en
- om voortspruitend uit gemelde ondersoek projekte te identifiseer wat moontlik vir befondsing vanuit die nasionale rampbestuursfonds sal kwalifiseer, bv. die suiwering van rioolwater vir menslike gebruik.

6.2 ONDERSOEKE NA ONWETTIGE WATERAANSLUITINGS EN DIE PEUTERING MET METERS (5/15/1/5)

Nieteenstaande die volgehoue bewusmaking onder inwoners dat water ’n uiters skaars hulpbron is, is daar nog steeds verbruikers met onwettige water- en elektrisiteitsaansluitings of wat met meters peuter.

In ’n poging om oortreders wat water- en elektrisiteit onwettig verbruik die geleentheid te gee om na vore te kom – sonder om gepenaliseer te word – word ’n amnestieperiode van een maand voorgestel.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die instelling van ’n amnestieperiode vanaf 1 Augustus tot 31 Augustus 2017 om persone die geleentheid te gee om gevalle van onwettige water- en elektrisiteitsaansluitings, peutering met meters of betrokkenheid by enige vorm van nie-verrekenbare verbruik, aan te meld;

(b) Dat verbruikers wat van hierdie vensterperiode gebruik maak om enige oortredings aan te meld, van die volgende kwytgeskeld sal word:
  (i) die betaling van die boete insake onwettige aansluitings; en
  (ii) strafreglike klagtes sal nie teen oortreders aangemeld word nie, wat aanleiding kan gee tot ’n kriminele rekord of selfs tronkstraf vir diefstal en bedrog;

(c) Dat die Direktoraat Finansiële Dienste op ’n maandelikse basis verbruik sal analiseer ten einde uitskieters te identifiseer om hierdie gevalle op te volg sodra die amnestieperiode verstreke is. Verder moet ‘n inspeksie – addisioneel tot voormelde – by hierdie gevalle/uitskieters uitgevoer word ten

6.2(c)/...

einde te verseker dat water- en elektrisiteitsmeters behoorlik funksioneer en korrek geseël is. Onwettige verbruik is 'n misdaad en strafregtelike stappe moet ingestel word teen oortreders. Verder sal die eienaar verantwoordelik wees vir die kostes om die munisipale bate te herstel, sou daar enige onwettige aansluitings op die eiendom gevind word;

(d) Dat 'n beloning ooreenkomstig die Beloningsbeleid aan enige lid van die publiek gemaak word wat onwettige water- en elektrisiteitsaansluitings, peutering met meters of enige vorm van nie-verrekenbare verbruik rapporteer. Die beloning is onderhewig aan die bevestiging van 'n onwettige aansluiting en dat die oortreders skuldig bevind word;

(e) Dat kennisgewings insake die amnestieperiode vir die aanmelding van onwettige water- en elektrisiteitsaansluitings op die munisipale webtuiste en Facebook, asook in die plaaslike media gepubliseer word.

6.3 VERSLAGDOENING IN TERME VAN ARTIKEL 15(3) VAN DIE MUNISIPALE EIENDOMSBELASTINGWET AANGAANDE EIENDOMSBELASTING-VRYSTELLINGS, AFSLAG, KORTING EN "*REVENUE FORGONE"* VIR DIE 2016/2017 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)

Ingevolge artikel 15(3) van Munisipale Eiendomsbelastingswet is die Munisipale Bestuurder verplig om jaarliks verslag te doen aan die Raad rakende alle belasting-vrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die vrystellings ten opsigte van eiendomsbelasting, koste van gratis basiese dienste, afslag, korting en "revenue forgone" soos per Aanhangsels A tot C, en opgesom in die onderstaande tabel :

Aanhangsel:	**Beskrywing:**	**Bedrag:**	
A	Uitsonderings Art 7 & 8	R 483 179.16	
B	Korting – Landbou-eiendomme	R 2 892 493.15	
	TOTAAL:	**R3 375 672.31**	"Revenue Forgone"
C1	Korting: – Afslag aan Pensionarisse R 300 000	R 1 552 698.04	
	TOTAAL:	**R 1 552 698.04**	Korting
C	Afslag: E/Share R 80 000	R 2 174 762.86	
	TOTAAL:	**R 2 174 762.86**	

6.4 JAARVERSLAG AANGAANDE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2017 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017 is met die sakelys gesirkuleer.

Besluit/...

6.4/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die Jaarverslag van die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid se implementering ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2017 tot 30 Junie 2017 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus ‘n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D);

6.5 AANSTELLING VAN OUDITKOMITEELEDE (11/1/3/1/7)

Die afwisseling van lede van die Ouditkomitee word aangemoedig in MFMA Omsendbrief 65 van 12 November 2012 ten einde die onafhanklikheid van die komitee te bevorder. Die omsendbrief bepaal verder dat lede nie vir 'n aaneenlopende termyn van meer as ses jaar aangestel moet word nie.

Die verslag het ten doel om aan te beveel dat die komiteelede wat tans op die Ouditkomitee dien, vir ‘n verdere termyn aangestel word, aangesien die ses jaar nog nie oorskry sal word nie.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die aanstelling van die volgende ouditkomiteelede nie die sesjaar periode ingevolge MFMA Omsendbrief 65 sal oorskry nie, en dat daar derhalwe goedkeuring verleen word vir die aanstelling van die ouditkomiteelede vir ’n verdere termyn om kontinuïteit en die verdere bestaan van die ouditkomitee te verseker, as volg:

(i) Die hernuwing van me Roos se kontrak as lid van die gekombineerde Prestasie- en Risiko-ouditkomitee vir ’n verdere ampstermyn van 1 Augustus 2017 tot 31 Augustus 2020;
(ii) Die uitbreiding van die huidige ampstermyn van lede van die Prestasie-ouditkomitee tot 31 Desember 2018;

(b) Dat verder kennis geneem word dat hierdie lede uiters bekwaam is en ’n waardevolle diens aan Swartland Munisipaliteit lewer;

(c) Dat die vergoeding betaalbaar aan die lede van die gekombineerde Prestasie- en Risiko-ouditkomitee vir die voorbereiding en bywoning van vergaderings sal geskied ooreenkomstig die uurlikse tarief soos goedgekeur deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 9 Desember 2015, met jaarlikse eskalasie van 6%.

6.6 AANWYS VAN VERTEENWOORDIGER OP SALGA: VROUE KOMMISSIE (3/1/1)

’n Versoek is vanaf SALGA ontvang om ’n raadslid aan te wys wat op die organisasie se Vroue Kommissie kan dien.

Die voorsitter noem terloops dat dit nie ’n goeie praktyk deur SALGA is om raadslede, wat reeds ’n vergoeding ontvang, te betaal vir die bywoning van SALGA-vergaderings nie.

BESLUIT

(a) Dat rdl P E Solomons aangewys word as die amptelike verteenwoordiger van die Swartland munisipale raad op SALGA se Vroue Kommissie;

(b) Dat SALGA dienooreenkomstig in kennis gestel word.

6.7 UITSTAANDE DEBITEURE – JUNIE 2017 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Junie 2017.

6.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 Junie 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

6.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN *LUMICO (PTY) LTD* VIR BESTUUR VAN FACEBOOKBLAD (4/6/2, 8/2/2/1)

Swartland Munisipaliteit beskik nie oor genoegsame interne kapasiteit om die Munisipaliteit se Facebookblad na behore te bestuur nie, juis weens die feit dat daar nie 'n voltydse kommunikasiebeampte in diens is nie.

Daar is gevolglik by die Munisipale Bestuurder aanbeveel dat *Lumico* onder 'n driejaar diensleweringsooreenkoms aangestel word met ingang van 1 Julie 2017 om die Munisipaliteit se Facebookblad te bestuur.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van *Lumico (Pty) Ltd* onder 'n diensleweringsooreenkoms met ingang vanaf 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2020, ten bedrae van R4 800,00 per maand, BTW uitgesluit vir die periode 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018, onderhewig aan 6% eskalasie jaarliks daarna en verder onderhewig aan 'n drie maande wedersydse kennisgewings-periode, en wel vir die volgende redes:

(i) Die Munisipaliteit nie intern oor die kapasiteit en vaardighede beskik om sy Facebookblad self effektief te kan bestuur nie, en dit steeds vanuit 'n koste-effektiwiteitsoogpunt die goedkoopste en mees effektiewe oplossing geag word om van *Lumico* as eksterne diensverksaffer gebruik te maak vir die unieke produk wat hulle lewer;

(ii) Dit onprakties geag word om die mark te toets, gegewe die investering wat daar tot dusver in die dienste van *Lumico* gemaak is, en inaggenome die firma se kundigheid en spesialisvaardighede in die velde van digitale bemarking, analises van suksesse en foute, grafiese ontwerp, fotografie en videografie, projekbestuur en veldtog-konseptualisering en die uitvoering daarvan;

(b) Dat gemelde uitgawe teen posnommer 050852001149 (Kommunikasie) verreken word;

(c) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

6.10 GOEDKEURING VAN KREDIET FASILITEITE (5/14/3/5)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee is vroeër ingelig dat Standard Bank deur middel van ‘n tenderproses aangestel is om die bankdienste van Swartland Munisipaliteit vir ‘n periode van vyf jaar, met ingang van 1 Julie 2017, te behartig.

Daar is sekere fasiliteite wat slegs by wyse van ‘n raadsbesluit beskikbaar gestel kan word.

BESLUIT

(a) Dat magtiging verleen word aan die Munisipale Bestuurder om gebruik te maak van die normale kredietfasiliteite as deel van die tender vir die lewering van bankdienste soos toegeken aan *Standard Bank of SA*, en streng volgens die uiteensetting in die tenderdokument, wat insluit bankwaarborge met ingang van 1 Julie 2017 vir die duur van die tender;

(b) Die bedrae vir die onderskeie kredietfasiliteite is as volg:

- Bankwaarborge – R170 900
- Vlootbestuur kredietfasiliteite – R1 000 000
- ACB Invorderings – R10 000 000

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER